# OLD MUTUAL SUPERFUND

# WAT IS ARTIKEL 13A?

Artikel 13A (S13A) is 'n artikel van die Pensioenfondswet wat bepaal dat werkgewers ingevolge Suid-Afrikaanse wetgewing bydraes aan die pensioenfonds moet betaal waaraan hulle deelneem.

Die Wet stipuleer die volgende:

***"Enige bydrae tot 'n fonds ... sal direk in die fondsrekening oorgeplaas word ... nie later nie as sewe dae ná die einde van die maand waarvoor sodanige bydrae betaalbaar is."***

Om 'n voorbeeld te gee: As werknemer is jy deel van Old Mutual se SuperFund. Jou werkgewer het dus 'n statutêre verpligting om jou aftreespaarplanbydraes te betaal, wat van jou maandelikse salaris afgetrek word en teen die 7de van die maand na SuperFund oorgeplaas word. Met ander woorde, einde Maart se aftrekking van jou salaris moet SuperFund teen nie later nie as 7 April bereik.

## Wat gebeur met werkgewers indien hul bydraes laat is?

- Die fonds moet die werkgewer met rente vir die laat betaling belas, soos deur die Wet voorgeskryf.
- Sodra betaal, word die rente aan die lid se aftreespaarplan toegewys as kompensasie vir moontlike finansiële verliese weens die laat betaling en belegging van die bydraes.
- Die SuperFund-trustees is verplig om werkgewers wat nie gehoor aan artikel 13A gee nie aan die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) te rapporteer.
- Die fonds is verplig om lede direk en skriftelik in kennis te stel indien die werkgewer nie enige van die vereistes nakom nie.
- Die gevolge vir nienakoming kan wissel van boetes van nie meer nie as R10 miljoen tot gevangenisstraf van tot 10 jaar.

## Die jongste veranderinge


Vanaf 19 Februarie 2023, en bykomend tot die betaling van bydraes soos hierbo gestipuleer, het dit verpligtend geword vir jou werkgewer om SuperFund van sekere inligting te voorsien, onder andere jou:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | volle naam | **6** | besonderhede van enige addisionele vrywillige bydraes betaal |
| **2** | lidmaatskapdatum | **7** | e-posadres (indien van toepassing) |
| **3** | geboortedatum | **8** | posadres |
| **4** | inkomstebelastingnommer | **9** | woonadres |
| **5** | Suid-Afrikaanse identiteitsnommer of paspoortnommer | **10** | kontaknommer, insluitende selfoonnommer (indien van toepassing) |

## Wat baat dit my?

Indien jou werkgewer jou bydraes betyds betaal, kan dit vinnig belê word.
Indien jou inligting korrek is, kan jy heeltyd (24/7) op hoogte bly van jou aftreespaarplan op WhatsApp of Secure Services.

Skandeer hierdie QR-kode om toegang tot jou voordelestaat op



WhatsApp te verkry.
Klik hier vir 'n gids wat verduidelik hoe om vir Secure Services te registreer

## Jou inligting is veilig by ons

SuperFund is verbind daartoe dat jy geen foonoproepe of e-posse sal ontvang wat nie regstreeks met jou aftreespaarplan te make het nie. Jy hoef dus net waardevolle inligting en deursigtigheid van ons te wagte wees.

Vir meer inligting, besoek die SuperFund-kommunikasiesentrum hier.

**Het jy geweet?** **SuperFund help meer as 456 000 lede om hul aftreespaarplan te groei en hul aftrede te verseker.**



Old Mutual Life Assurance Company (SA) Limited is a licensed FSP and Life Insurer.